

Saterdag 19 November

Skrifgedeelte: Psalm 45:1-17 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 45:1

Jou hart ontroer deur die Koning en sy Bruid?

Hierdie Bruilofslied van die Koragiete is wonderlik gestruktureer! Inleiding: vers 1 en 2; die Bruidegom: vers 2 tot 9; die Bruid: vers 10 tot 16; en slot: vers 17 en 18. Die digter se hart is in beroering en borrel oor in emosievolle woorde oor die Bruidegom en sy bruid.

Wie is die Bruidegom? Oorspronklik moontlik een van die koningseuns, dalk Salomo, maar gou is dit duidelik: dit gaan hier oor Een wat baie meer is.

- Hy is skoner as die mensekinders
- Genade is uitgestort op sy lippe
- God het Hom geseën vir ewig
- Selfs sy troon is vir ewig
- En sy septer is regverdigheid
- Daarom sal die volke Hom loof vir ewig en ewig

Die profeet Jesaja noem hierdie Bruidegom die Kind wat vir ons gebore is, op Wie se skouer heerskappy is. Wonderbare Raadsman, Sterke God, Ewige Vader en Vredevoers. Hy sê ook nog van Hom dat Hy soos 'n loot opgespruit het en soos 'n wortel uit droë grond. Dat Hy geen gestalte of heerlikheid gehad het dat ons Hom sou aanskou nie. Ware God en ware mens.

En sy Bruid? Sy is begeerlik vir die Koning, met kleding van gouddraad. Johannes noem haar kleding rein en blink fyn linne – die regverdige daade van die heiliges. Hierdie bruid gaan met vreugde en gejuig die Koning se paleis binne en onderwerp haar aan haar Bruidegom-Koning.

Kom jou hart nog in beroering wanneer jy oor jou Koning en sy kerk dink en praat?

Sing: Psalm 72:8, 9 (1936)

Ds. BC (Ben) Smit (Pretoria-Meintjeskop)